



Cambridge International A Level

AFRIKAANS

9679/02

Paper 2 Reading and Writing

October/November 2021

INSERT

1 hour 45 minutes



INFORMATION

- This insert contains the reading passages.
- You may annotate this insert and use the blank spaces for planning. **Do not write your answers** on the insert.

INLIGTING

- Hierdie bylae bevat die leestekste.
- Jy mag aantekeninge in hierdie bylae maak en die oop ruimte vir beplanning gebruik. **Moenie jou antwoorde op die bylae skryf nie.**

This document has **4** pages. Any blank pages are indicated.

AFDELING 1

Lees **Teks 1** en beantwoord dan **vraag 1, 2 en 3** in jou vraestel.

Teks 1

Omgewingsverslag wys moederaarde se nood

- | | | |
|---|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 1 | As ons kyk na hoe die mens die aarde verniel het, is die belangrike verslag van die Verenigde Nasies se Omgewingsprogram oor die stand van die natuurlike omgewing nie verbasend nie. As ons nie ons manier van dink en ons optrede verander nie, sê dit duidelik, gaan ons die aarde en onsself vernietig. | 5 |
| 2 | “Ek dink ons het die kennis, tegnologie en geld om volhoubaar te lewe, maar, vreemd genoeg is ons, na my mening, te kortsigtig om dit te doen,” sê omgewingskenner dr. Malan van ’n universiteit in Suid-Afrika. Haar kollega prof. Mbeki beaam: “Kyk, ons gulsigheid, ons industrieë en die feit dat politieke en ekonomiese leiers nie wil verander nie, vererger net hierdie probleem. Ek sê altyd, ons obsessie met ekonomiese welvaart skep geweldige omgewingsprobleme. Dit sluit klimaatsverandering en die verlies van biodiversiteit in, wat die toekoms van die aarde in gevaar plaas.” | 10 |
| 3 | Volgens dr. Malan kan miljoene kinders en jong mense in Asië, die Midde-Ooste en Afrika binne drie dekades as gevolg van die besoedeling van water, lug en grond sterf. “Waterbesoedeling gaan die grootste oorsaak van menslike sterftes wees. Daar is nou reeds 800 chemikalieë in die grond, lug en water – soos die gifstof DDT – wat mense se vermoë om kinders te hê en ook kinders se neurologiese ontwikkeling affekteer. Die wêreldbevolking gaan moontlik afneem,” sê sy. | 15 |
| 4 | “Inteendeel,” sê prof. Mbeki, “die wêreldbevolking gaan teen 2050 heel moontlik tot 10 miljard groei. Dit is ver meer as wat die aarde se ekologie kan hanteer. Al hoe meer druk word deur die groeiende wêreldbevolking op ons krimpende natuurlike hulpbronne geplaas. Wanneer gaan moederaarde rebelleer? Die antwoord is nie eenvoudig nie. Wat wel uitstaan, is dat die mens op ’n ander manier met die wêreld moet werk.” | 20 |
| 5 | In die liedjie “Nuwe aarde” sing Laurika Rauch oor die mens wat meen hy is baas “op hierdie erf” en ook daarvan oortuig is dat ons sal oorleef en ’n nuwe aarde sal kry ten spyte van wat ons aan die aarde doen. In “Sy is al wat ons het” sing Rauch egter: “En iewers onder alles sug moederaarde swaar ...” | 25 |
| 6 | Ons moet besef dat as ons die aarde behandel asof ons die baas hier is, lei dit tot misbruik van die natuur en buit ons die aarde uit. Dit is ons plig om die aarde volhoubaar te bewaar. Om dit reg te kry, is dit noodsaklik dat ons almal ons lewenstyl drasties verander. | 30 |

(Uit: *Die Burger*, 22 Maart 2019)

AFDELING 2

Lees **Teks 2** en beantwoord dan **vraag 4** en **5** in jou vraestel.

Teks 2

Lieve moederaarde is nie gesond nie

- | | | |
|---|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 1 | Ons liewe aarde is siek. Ons weet dit. Wel, elke persoon met 'n internetkonneksie weet dit, want ons word gebombardeer met maniere hoe om minder plastiek te gebruik en met foto's van skilpaaie en ander diere wat in ons gemors verstrengel is. Die bewyse is oneindigend en ons word heeltyd daaraan herinner. Ons weet, die lug wat ons inasem én die water wat ons drink, het ons al lankal opgemors en in gemors. En ons is in 'n gemors. | 5 |
| 2 | Dit is niemand spesifiek se skuld nie, maar ek kan 'n goeie argument maak vir die Industriële Revolusie. Ek weet sonder twyfel vandag se Millenniërs het nie hierdie probleme begin nie. Dit maak my trots dat ons ten minste probeer om 'n verskil te maak, al is dit net een plastiekstrooitjie op 'n slag. | 10 |
| 3 | Hier sit ek nou, met al my ligte af, al is dit skemerig in my huis. Ek probeer krag bespaar, want minder elektrisiteit beteken minder steenkoolgebruik, minder myne en minder lugbesoedeling. Ek voel vars na my eenminuutstort – ek weet hoe kosbaar ons water is. | 15 |
| 4 | Ek gaan nie vandag die huis verlaat sonder my 100%-organiese katoensakkie vir my inkopies nie. Natuurlik sal ek nooit weer vrugte of groente koop wat in plastiek toegedraai is nie – om nie eens te praat van vleis of vis of gluten nie. Ek stem vir spaarsamigheid, en om saam te probeer om ons gemors reg te maak. Elke klein dingetjie maak 'n verskil, weet ek. | 20 |
| 5 | Gister het ek amper 'n fout begaan. Ek was op die punt om te betaal vir 'n mooi rok wat ek vir 'n funksie wou koop, toe ek besef dit is nie heeltemal van hernubare bronne gemaak nie. Ek loop toe maar by die winkel uit en gaan koop 'n koppie koffie in my herbruikbare bamboesbeker. | 25 |
| 6 | Daar is een versoek wat ek aan jou wil rig, mede-Millennië: Voordat jy weer 'n video deel van die gevare van plastiek, dink aan wat jy doen om dit te beveg. As jy niks doen nie, los my asseblief in vrede om so elke nou en dan my glutenvrye rogbrood in 'n plastieksakkie te koop. | |

(Uit: Netwerk24, 6 Mei 2019)

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which itself is a department of the University of Cambridge.